INDEPENDENT SCHOOLS ONAFHANKLIKE SKOLE

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSDIENS (POD)
PROFESSIONAL DEVELOPMENT SERVICE (PDS)

SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE

012-4360900 saoupod@saou.co.za www.saou.co.za

Nuusbrief 16/2019 22 Mei 2019

LAAT JOU STEM NOU HOOR!

Ons verwys graag na die SAOU Nasionale Nuusbrief van 21 Mei 2019 (klik hier)

Die onderwyssektor was die afgelope tyd, om verskeie redes, weereens in die mediakollig. Een van die redes was die media se uitsnuffel en ondervra van die persone wat betrokke is by die voorgestelde wysigings aan die Graad 4 Lewensoriëntering kurrikulum (KABV). (Vir meer inligting, soos geplaas op die DBO se webblad, klik hier.)

Die beriggewing in die media het dit laat blyk dat die wysigings nie weldeurdag is nie, dat die persone wat betrokke is se sienswyse van seksualiteit moontlik té liberaal kan wees, dat leerders blootgestel gaan word aan inligting wat nie op hul ouderdomsvlak is nie en dat hul ook nog nie gereed is of die volwassenheid het om dié inligting te hanteer nie. Kortom, die boodskap wat die voorblaaie versier het, was MOENIE SLAPENDE HONDE WAKKER MAAK NIE!

Suid-Afrikaanse skole is tans byna weekliks in die media waar geweld en ontwrigtende gedrag duidelik sigbaar is. Die dringende ingryping van owerhede, ondersteuning van ouers en dalk selfs 'n moontlike aanpassing van 'n kurrikulum wat lewensvaardighede moet onderrig, is heel moontlik die vermiste stukkies in die legkaart. Die vraag is, word die regte aanpassings vir die regte redes tans oorweeg en gaan hierdie voorgestelde aanpassings ouers aan boord kry of verder verwyder van skole?

Die onderrig van seks is gesetel in onderliggende norme en waardes, daarom moet ons baie duidelik die gevare van die moontlike "seksualisering" van leerders besef indien ons onoordeelkundig met hierdie onderwerp omgaan. 'n "One-size-fits-all" benadering in alle skole gaan waarskynlik teen heelwat gesinne se waardes en geloof wees, daarom dat ons ingeligte besluite moet neem. Wat ons kortkom, is 'n Suid-Afrika waar daar respek en toleransie is, waar ons leerders bemagtig sodat morele en emosionele intelligensie daaruit sal voortspruit en skole waar leerders veilig is.

Ons benodig dringend elkeen van u se kundige inset sodat die SAOU 'n mandaat het om ons lede se spreekbuis te kan wees. Laat u stem hoor en vul asb. die volgende elektroniese vraelys in.

Klik hier om die elektroniese vraelys te voltooi.

Indien u 'n meer gedetailleerde inset ook wil stuur, is u welkom om dit te epos aan Marésa Viljoen by maresav@saou.co.za

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSDIENS (POD)
PROFESSIONAL DEVELOPMENT SERVICE (PDS)
SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE
INDEPENDENT SCHOOLS ONAFHANKLIKE SKOLE
012-4360900 saoupod@saou.co.za www.saou.co.za

Newsletter 16/2019 22 May 2019

LET YOUR VOICE BE HEARD!

This newsletter refers to the SAOU National Newsletter of 21 May 2019 (click here)

The education sector has lately been in the media spotlight, for several reasons. One of the reasons was the media's quest to know from the persons involved, what the proposed changes to the Grade 4 Life Orientation curriculum (CAPS), are. (For more information published on the DBE's website, please click here.)

The reports in the media suggested that the amendments are not well thought through, that the views on sexuality may be too liberal and that learners will be exposed to information that is not suitable for their age. Young children are not yet ready or have the maturity to deal with the proposed information. In short, recent headlines made it clear that it would be better to LET SLEEPING DOGS LIE.

South African schools are regularly in the media, at the centre of reports on violent and disruptive behaviour. The urgent intervention of authorities, support of parents and even the possible changes to a curriculum that teaches life skills, may possibly be the missing pieces of the puzzle. The question is, however, are the adjustments to the curriculum the right ones and have they been made for the right reasons? Furthermore, will the suggested adjustments get parents on board or will they worsen the situation?

Sex education is underpinned by a value system and so we clearly need to understand the responsibility that the proposed curriculum changes imply in order to avoid the danger of "sexualising" learners. The focus must be clearly to educate them about sex and its responsibilities. A one-size-fits-all approach may be in conflict with the values and beliefs of many families.

It is essential that any decisions that are taken are properly informed. What we need is a South Africa where there is respect and tolerance in schools, where we empower learners in such a way that moral and emotional intelligence will be nurtured and where learners will be safe.

We urgently need your expert input so that the SAOU has a mandate to be our members' mouthpiece. Let your voice be heard and please complete the following electronic questionnaire.

Click here to complete the online questionnaire.

If you would like to send in more detailed input, you are welcome to email it to Marésa Viljoen at maresav@saou.co.za